

# GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID

***Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,  
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring  
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.***


- 1 Petrus 2:5

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel. Daarom is eensgesindheid belangrik en dat ons as lewende stene een doel voor oë sal hou - die missie waarop God ons (die kerk) op sit.

Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Om geestelik te groei het jy die gemeenskap van gelowiges om jou nodig.





**TEMA** Lewende steen – My rol in my gesin

**SONDAG** 08 November 2020

## VOORBEREIDING VIR JOU GROEIGROEP

Vandag se gesprek gaan oor ‘My rol in my gesin’. In ‘n groep is almal van ons verskillend en ons stories veskil van mekaar. Dit is belangrik dat ons almal in ag neem met hierdie gesprek. Van ons kom uit goeie gesinne en ander uit minder goeie gesinne, van ons is dalk alleen en ander is weer omring met baie familie lede. Bestuur asb die gesprek so dat almal binne hierdie gesprek tuis kan voel.

## OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek).

---

---

---

## KOM ONS BEGIN




Ons het verlede week met mekaar gedeel dat ons grootste seer asook ons grootste vreugde beleef ons binne die verhoudinge waarin ons staan. Deel met mekaar jou grootste vreugde van jou gesin waarin jy groot geword het asook jou grootste terleurstelling. Oor die grootste terleurstelling of seer, dink jy dit kon anders gewees het?

---

---

---



**TEMA** Lewende steen – My rol in my gesin

**SONDAG** 08 November 2020

Almal van ons behoort aan ‘n gesin (dit kan van mekaar verskil). As jy die woordjie hoor ‘Gesin’, wat beteken dit in jou lewe?

---

---

Ons het ook ‘n geestelike gesin. Soos Calvyn dit gesê het: “Elkeen wat God as VADER in die hemel het, het die kerk as MOEDER hier op aarde”.

## KOM ONS LEES

Genesis 1:27; 2:18

Wat leer dit ons van ‘God se Hart’ vir die gesin?

---


---

## INHOUD & GESPREK

As jy vir jou gesin ‘n punt uit 10 moet gee wat sal jou punt wees. Hierby weet ek en jy dat ander ook vir ons ‘n punt uit 10 gaan gee. Ons weet dat ons gesinne nie volmaak is nie. God maak ons gesin veel groter as net ons eie familie. Wat leer die volgende gesprek wat Jesus met ‘n man gehad het vir ons van ‘God se plan’ vir ons? Lees Matteus 12:46-50.

---

---



**TEMA** Lewende steen – My rol in my gesin

**SONDAG** 08 November 2020

## UIT SONDAG SE EREDIENS

As gesin het ons ook ‘n doel wat ons saam bind, ‘n opdrag wat ons moet uitvoer. Lees die volgende tekste en deel met mekaar hoe dit jou ook help om jou rol (as Vader en moeder of groot ouer of ....) in jou gesin help definieer.

- Maleagi 2:15. Ons rol is om vir God ‘n \_\_\_\_\_
- Deuteronomium 6:4-9. God is die enigste Here. Ons moet dit vir ons kinders inskerp deur\_\_\_\_\_
- Efesiers 6:1-4. My opdrag as christen is dat\_\_\_\_\_en Sy belofte is dat\_\_\_\_\_. Hoekom dink julle is daar ook ‘n spesifieke opdrag vir die pa’s?\_\_\_\_\_

## AFSLUITING

1. Sluit af met Gebed. Bid vir mekaar se gesinne dat ons ook binne ons fisiese gesin en ook ons geestelike gesin ons skeppingsdoel sal kan vervul.

## NOTAS

---

---

---

---

---

---

---

---

**TEMA** Lewende steen – My rol in my gesin

**SONDAG** 08 November 2020

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---